



LAERSKOOL RUSTENBURG LEIERIDENTIFISERINGSBELEID

1. DOEL:

Die doel van hierdie beleid is om 'n deursigtige, regverdigte en objektiewe proses te verseker vir die identifisering en aanwysing van potensiele leiers in Graad 6. Die beleid stel duidelike kriteria en prosedures daar vir die keuring van leerders wat as leiers optree in die daaropvolgende jaar.

2. WAT WORD VAN LEIERS VERWAG?

- Moet optree as verteenwoordigers en ambassadeurs van die skool.
- Moet die skool se belange op die hart dra.
- Ontwikkel gesonde waardesisteem.
- Vestiging van 'n kultuur van Larrie-trots.

3. KRITERIA VIR IDENTIFISERING

3.1 Eerste Stemronde

Stemreg:

- Alle Graad 6-leerders.
- Alle personeel betrokke by Graad 6-leerders (akademies, sport, kultuur en diensrade).

Prosessering:

- Elke Graad 6-leerder se naam verskyn op die aanvanklike stembrief.
- Stemtellings van leerders en personeel word elektronies ingevoer om uiteindelik die finale tellings te bereken.
- Die hoof en verkiesingskomitee bepaal die afsnypunt en stel 'n merietelys/kortlys saam van leerders wat aan die vereiste kriteria voldoen.
- 'n Leerder moet ten minste een stem van 'n personeellid ontvang om vir insluiting op die kortlys in aanmerking te kom.
- Indien 'n leerder geen stemme van personeel ontvang nie, behou die hoof die diskresie om te bepaal of die leerder wel op die kortlys ingesluit word.
- Personeelstemme dien as 'n belangrike aanduiding van 'n leerder se geskiktheid om verder in die leierskapsidentifiseringsproses oorweeg te word.

3.2 Evaluasieproses

Slegs leerders wie se name op die **merietelys** verskyn, word in hierdie stap geëvalueer.

Punte-toekenning:

- Aktiwiteitsdeelname:** 2 punte vir elke skool erkende aktiwiteit waaraan die leerder deelneem (sport, kultuur en diensrade).
- Gedrag en Waardes:** Punt uit 20, toegeken deur alle gr. 6 vakpersoneel.
- Leierskapvaardighede:** Punt uit 10, toegeken deur alle gr. 6 vakpersoneel.

d. **Akademiese Prestasie:** Akademiese ranglys word by die totale punte gevoeg.

e. **Tweede Stemronde:**

- o Alle Graad 6-leerders en betrokke personeel stem.
- o Stemuitslae word by die leerder se puntetotaal gevoeg.

f. **Gedrag aantekeninge:** Aantal inskrywings in die byderhandboek word van die totaal afgetrek.

4. VERWERKING VAN DATA.

- Alle data word elektronies ingelees.
- Totaal van al die punte word bereken.
- Kandidate word van hoog na laag gelys.
- Die hoof en verkiesingskomitee besluit watter getal leerders op die leerderraad sal dien.

5. SAMESTELLING VAN DIE STEMBRIEWE

Die stembrief word in klasverband alfabeties opgestel.

- Personeel en leerders stem vir **15 kandidate** van hul keuse.
- Die personeel se stemme tel 60% en die leerders se stemme tel 40%.
- Die hele gr. 6 groep stem gelyktydig in die saal. Die proses word met leerders deurgestaan en stemming vind onder toesig plaas.
- Alle stemme word getel.
- Data word elektronies verwerk volgens die 60/40 beginsel.
- **Geslag word nie in ag geneem nie.**

6. VASSTELLING VAN DIE LEERDERRAAD

- Uitslag van finale puntetaal word voorgehou aan die hoof.
- Besluit word geneem oor die grootte van die groep.
- Die Leerderraad word aangewys!

7. VERKIESING VAN HOOFLEIERS

- Daar word 'n totaal van 8 hoofleiers vir die jaar verkies; twee hoofleiers ('n seun en 'n dogter) per kwartaal.
- Hulle word deur die personeel en leerderraad verkies aan die einde van 'n kwartaal. (50/50%)
- Die hele leerderraad-groep het gelyke geleentheid om verkies te word vir die oorblywende kwartale. Die voordeel daarvan is dat leiers deur blootstelling ontwikkel en die leierontwikkelingsprogram se hoofdoel nl. ontwikkeling beklemtoon. Hoofleiers bly hoofleiers en word nie onder-hoofleiers in die oorblywende kwartale nie.
- Die personeel en leerderraad verkies hoofleiers aan die hand van 'n kriterialys. Leerderraadslede word stap vir stap deur die verkiesingsprosedure gelei.

8. LEIERSKAPONTWIKKELING

Die potensiaal wat in leiers raakgesien word, moet ontwikkel word. 'n Leierskapprogram word vir die doel gevolg. Dit sluit in twee verpligte kampe, en 'n ontwikkelingsprogram wat dit ten doel het om leiervaardighede te ontwikkel.

9. NOMINERING EN INPRESTASIE

Leerders kry die geleentheid om in die eerste kwartaal van graad 7 op die Leerderraad in te presteer. Inprestasie geskied op grond van aktiewe deelname, goeie dissipline en die uitleef van die skool se waardes. Slegs die Graad 7-personeel mag 'n leerder vir die Leerderraad nomineer. Elke nominasie moet ondersteun word deur 'n sekondant.

10. OORPLASING VAN LEERDERS

'n Leerder wat tot die Leerderraad van Laerskool Rustenburg verkies is en daarna verhuis, sal 'n amptelike brief ontvang as bewys van verkiesing. 'n Leerder wat vanaf 'n ander skool na Laerskool Rustenburg oorgeplaas word, moet 'n amptelike verklaring of brief van die vorige skool indien as bewys dat hy/sy daar op die Leerderraad gedien het. Erkenning van sodanige diens sal eers na 'n minimum tydperk van **een maand** by Laerskool Rustenburg toegestaan word, mits dit van toepassing is.

11. HERSIENING VAN BELEID

Hierdie beleid sal jaarliks deur die skoolbestuur hersien en waar nodig aangepas word om by veranderende behoeftes aan te pas.

12. VERANTWOORDELIKE PERSONEEL BY DIE VERKIESING VAN LEERDERRAADSLEDE

Mnr. G.F. Oberholzer (Hoof)
Mev. Talita Blignaut (Leerderraadvoog: administrasie, verwerking en kontrole)
Mej. Karen van Rensburg (Leerderraadvoog: administrasie en verwerking)
Mnr. Nic Mey (Leerderraadvoog: administrasie en kontrole)
'n Lid van die beheerliggaam, wat nie 'n Gr. 6 ouer is nie, sal die proses monitor.
'n Lid van die beheerliggaam is ook teenwoordig by elke hoofleierverkiesing asook die stembolling van die hoofleierverkiesing.

13. NAVRAE

Navrae sal hanteer word deur die hoof, mnr. Gerrie Oberholzer en mev. Talita Blignaut.


MNR. G.F. OBERHOLZER
WAARNEMENDE HOOF


MEV. T. BLIGNAUT
LEERDERRAADVOOG